

DIE INTEGRASIEREËL IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTRAKTEREG

T Bekker
BIUR LLB LLM LLD
Senior Lektor, Universiteit van Pretoria

1 Inleiding

Daar is nie net slegs een onverdeelde ekstrinsieke getuienis-reël (*parol evidence rule*) in die Suid-Afrikaanse kontraktereg nie,¹ maar ten minste twee nouer konsepte wat binne die reël se trefwydte val.² Die een konsep handel met die mate waarin 'n skriftelike kontrak as die enigste uiteensetting van sy bedinge (*sole memorial of its terms*) beskou kan word, waarna daar in hierdie artikel as die “integrasiereël” verwys word. Die ander konsep het te doen met uitleg, of die mate waarin die betekenis van die bedinge van 'n skriftelike kontrak geraak kan word deur ekstrinsieke getuienis, waarna daar in hierdie artikel as die “interpretasiereël” verwys word.³

Die bestaan en toepassing van beide hierdie reëls is egter uiters omstrede, nie net wat die verskillende buitelandse regstelsels aanbetref nie,⁴ maar

¹ Hierdie artikel is gebaseer op PM Bekker *Die Ekstrinsieke Getuienis-reël in die Suid-Afrikaanse Kontraktereg* LLD tesis Universiteit van Suid-Afrika (2009).

² DT Zeffertt & AP Paizes *Parol Evidence with Particular Reference to Contract* (1986) 1. Na noukeurige oorweging is daar besluit om die terminologie aan te neem soos gebruik deur S van der Merwe, LF van Huyssteen, MFB Reinecke & GF Lubbe *Contract: General Principles* 3 uitg (2007) 173, dit wil sê om te verwys na die ekstrinsieke getuienis-reël as 'n oorkoepelende begrip wat bestaan uit twee subreëls naamlik die integrasiereël en die interpretasiereël. Van der Merwe et al *Contract* 173 verwys as volg in Engels na hulle gebruik van die terminologie ten aansien van die reëls:

“The parol evidence rule has been said to comprise two distinct rules, namely the ‘integration rule’ and the ‘interpretation rule.’”

Daar is besluit dat die gebruik van hierdie terminologie al die verskillende standpunte en toepassings van die reëls ten aansien van die toelaatbaarheid van ekstrinsieke getuienis die beste sal verwoord.

³ Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 1.

⁴ Sien byvoorbeeld The English Law Commission *Law of Contract: The Parol Evidence Rule Report 154* (1986); *Haryanto (Yani) v ED & F Man (Sugar) Ltd* [1986] 2 Lloyd's Rep 44 47; AL Zuppi “The Parol Evidence Rule: A Comparative Study of the Common Law, the Civil Law Tradition, and *Lex Mercatoria*” (2007) 35 *Ga J Int'l Comp L* 233 243 (Engeland), J Sweet “Contract Making and Parol Evidence: Diagnosis and Treatment of a Sick Rule” (1968) *Cornell L Rev* 1036; MN Kniffin “A New Trend in Contract Interpretation: The Search for Reality as Opposed to Virtual Reality” (1995) *Or L Rev* 663; P Linzer “The Comfort of Certainty: Plain Meaning and the Parol Evidence Rule” (2002) *Fordham L Rev* 802; EA Posner “The Parol Evidence Rule, the Plain Meaning Rule and the Principles of Contractual Interpretation” (1998) *U Pa L Rev* 533; JL Daniel “K.I.S.S. the Parol Evidence Rule Goodbye: Simplifying the Concept of Protecting the Parties' Written Agreement” (2007) *Syracuse L Rev* 227; MO Morris & E Evensen “What's Happening to the Parol Evidence Rule? More Holes in the Dike” (2000) *Defense Counsel Journal* 209; *Trident Center v Connecticut General Life Insurance Co* 847 F2d 564 (9th Cir 1988) (VSA), Law Reform Commission of British Columbia *Report on Parol Evidence Rule LRC 44* (1979); SM Waddams “Do We Need a Parol Evidence Rule?” (1991) *Can Bus LJ* 385 (Kanada).

ook die Suid-Afrikaanse reg.⁵ In hierdie opsig heers daar tans ’n “Babelse” verwarring in die Suid-Afrikaanse reg indien die regspraak op hierdie gebied nagegaan word. Die posisie word vererger deur die feit dat daar ’n aansienlike begripsverwarring bestaan ten aansien van die komponente waaruit die ekstrasieë getuienis-reël bestaan.⁶ Die gebreke in die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van die reël is lankal reeds deur vooraanstaande skrywers op hierdie gebied, soos Zeffertt en Paizes, uitgewys.⁷

Daar is talle voorstanders vir die afskaffing van die integrasieë,⁸ nie net in Suid-Afrika⁹ nie, maar ook in verskeie buitelandse jurisdiksies.¹⁰ Hierdie voorstanders gaan hoofsaaklik van die standpunt uit dat die reël geensins daarin slaag om regsekerheid, eenvoud en voorspelbaarheid tot gevolg te hê nie, dat dit gekompliseerd en verwarrend is, en dat dit onbillik teen “onskuldige” kontrakspartye kan inwerk.

Aan die ander kant is daar ook ’n aantal (alhoewel in die minderheid) voorstanders vir die behoud van die reël. Die hoofargumente van hierdie voorstanders is dat die reël regsekerheid, eenvoud en voorspelbaarheid tot

⁵ Sien byvoorbeeld DT Zeffertt, AP Paizes & A St Q Skeen *The South African Law of Evidence* (2003) 324-326; Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 8-16; Van der Merwe et al *Contract* 173-178; SJ Cornelius “A Reconsideration of the Admissibility of Extrinsic Evidence in the Interpretation of Contracts” (1999) *TSAR* 344 350; PSG Leon “Abolition of the Parol Evidence Rule: A Rebuttal” (1987) *De Rebus* 155.

⁶ Sien byvoorbeeld Zeffertt et al *South African Law of Evidence* 321, Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 1-2 en PJ Schwikkard & SJ van der Merwe *Principles of Evidence* 2 uitg (2002) 37 waar die Engelse begrip “parol evidence rule” aangewend word om te verwys na die “ekstrasieë getuienis-reël”, en CWH Schmidt & H Rademeyer *Bewysreg* 4 uitg (2000) 353; Schmidt *Bewysreg* (1982) 593 en Schwikkard & Van der Merwe *Principles of Evidence* 38 waar die begrip “parol evidence rule” aangewend word om te verwys na die enger begrip van die “integrasieë”. Hierdie begripsverwarring het ook inslag gevind in die Suid-Afrikaanse gewysdes. In die onlangse Engelse saak van *KPMG LLP v Network Rail Infrastructure Ltd* [2006] EWHC 67 (Ch) word die “parol evidence rule” gelykgestel aan die “integrasieë”. Ook in die Suid-Afrikaanse sake van *Philmatt (Pty) Ltd v Mosselbank Developments CC* 1996 2 SA 15 (HHA) en *Telcordia Technologies Inc v Telkom SA Ltd* 2007 3 SA 266 (HHA) word die begrip “parol evidence rule” en die begrip “integration rule” as sinonieme aangewend. Hierdie terminologie is ook onder andere aangewend in *Hartland Implemente (Edms) Bpk v Enal Eiendomme BK* 2002 3 SA 653 (NC) 668 en *Simon v DCU Holdings (Pty) Ltd* 2000 3 SA 202 (T) 212. In *Aubrey-Smith v Hofmeyr* 1973 1 SA 655 (K) 658 aan die ander kant verwys Corbett R (soos hy toe was) egter weer na die interpretasieë as een van die fasette van die “well-known parol evidence rule”. Corbett R sien dus die “parol evidence rule” as ’n oorkoepelende begrip wat uit twee subreëls bestaan waarvan die “interpretasieë” een uitmaak. In *Otto v Heymans* 1971 4 SA 148 (T) 154 is die woord “paroolgetuienisreël” selfs gebruik as sinoniem vir die integrasieë. In *Verulam Fuel Distributors CC v Truck & General Insurance Co Ltd* 2005 1 SA 70 (W) het die hof met goedkeuring verwys na *Kliptown Clothing Industries (Pty) Ltd v Marine and Trade Insurance Co of SA Ltd* 1961 1 SA 103 (A) 107-108 waar die appêlhof die begrip “parol evidence rule” gelykgestel het aan die reël wat bepaal dat ekstrasieë getuienis nie aangewend mag word om die ondubbelsinnige betekenis van ’n woord vervat in ’n skriftelike kontrak te wysig nie (waarna in hierdie artikel as die “interpretasieë” verwys word). Hierdie terminologie is ook onder andere aangewend deur Jones R in die hof *a quo*. Kroon R het daarna verwys in *Harlech-Jones Treasure Architects CC v University of Fort Hare* 2002 5 SA 32 (E) 35 en *Van Wyk v Rotcher’s Saw Mills (Pty) Ltd* 1948 1 SA 983 (A) 990-992. In *AXZS Industries v A F Dreyer (Pty) Ltd* 2004 4 SA 186 (W) het die hof met goedkeuring verwys na *Tschirpig v Kohrs* 1959 3 SA 287 (N) 287, 290 waar die hof die begrip “parol evidence rule” en die begrip “extrinsic evidence rule” as sinonieme aangewend het.

⁷ Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 1-5.

⁸ Aangesien die werking van die integrasieë en die interpretasieë asook die doelwitte wat hierdie reëls poeg om na te streef so wesenlik van mekaar verskil sal daar in die bespreking wat hierna volg slegs gefokus word op ’n analise van die integrasieë in die Suid-Afrikaanse kontraktereg.

⁹ Sien byvoorbeeld Zeffertt et al *South African Law of Evidence* 324-326; Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 4; Van der Merwe et al *Contract* 178.

¹⁰ Sien vn 4 hierbo.

gevolg het en beskerming verleen aan die onskendbaarheid (*sanctity*) van die skriftelike kontrak.¹¹

Hierdie artikel is gemik op 'n oorsigtelike bespreking van die toepassing van die integrasiereël, asook 'n analise van die bestaande kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings soos toegepas in die Suid-Afrikaanse kontraktereg. Op grond hiervan sal daar 'n kritiese ontleding gemaak word van of die huidige toepassing van die integrasiereël in die Suid-Afrikaanse kontraktereg in lyn is met sodanige kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings en of die reël in sy huidige gedaante derhalwe nog enige bestaansreg behoort te hê.

2 Toepassing van die integrasiereël in die Suid-Afrikaanse reg

Die essensie van die integrasiereël word baie goed as volg deur Wigmore opgesom:

“This process of embodying the terms of a jural act in a single memorial may be termed the *integration* of the act, *i.e.* its formation from scattered parts into an integral documentary unity. The practical consequence of this is that its scattered parts, in their former and inchoate shape, do not have any jural effect; they are replaced by a single embodiment of the act. In other words: *When a jural act is embodied in a single memorial, all other utterances of the parties on that topic are legally immaterial for the purpose of determining what are the terms of their act.*”¹²

Ons howe is dan ook grootliks deur die standpunte van Wigmore beïnvloed en het hierdie aspek van die ekstrinsieke getuienis-reël as die toepassing van die relevantheidsteorie benader. Dit het ingehou dat die uiteensetting van 'n regshandeling in 'n geskrewe stuk alle vorige of gelyktydige uitinge van die partye regtens irrelevant gemaak het vir doeleindes van die vasstelling van die bedinge van die ooreenkoms.¹³

Hierdie benadering het aanleiding gegee tot die formulering van die sogenaamde integrasie- en gedeeltelike integrasie- (*partial integration*) reëls, wat voorgegee het om aan die bedoeling van die partye betrokke by die ooreenkoms uitwerking te gee.¹⁴ In die geval waar die partye bedoel het dat die geskrewe stuk finaal en volledig moes wees, het volle integrasie plaasgevind, en was dit ontoelaatbaar om die dokument deur middel van getuienis van vorige of gelyktydige ooreenkomste aan te vul of te weerspreek. Waar die bedoeling egter was dat die geskrewe stuk finaal moes wees, maar nie die volledige ooreenkoms tussen die partye uiteengesit het nie, het gedeeltelike integrasie plaasgevind en, alhoewel die dokument nie weerspreek kon word nie, kon dit deur ekstrinsieke getuienis aangevul word.¹⁵

Uit voorgaande blyk dit duidelik dat die totstandkoming van 'n integrasie totaal en al afhanklik is van die bedoeling van die partye. Wat egter minder duidelik is, is op welke wyse hierdie bedoeling vasgestel moet word. Die

¹¹ sien byvoorbeeld Cornelius (1999) *TSAR* 350; Leon (1987) *De Rebus* 156.

¹² JH Wigmore *A Treatise on the Anglo-American System of Evidence in Trials at Common Law* 9 3 uitg (1940) par 2425 (eie beklemtoning), met goedkeuring aangehaal in die bekende saak van *National Board (Pretoria) (Pty) Ltd v Estate Swanepoel* 1975 3 SA 16 (A) 26.

¹³ Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 2.

¹⁴ 2.

¹⁵ 2.

beginsels wat toegepas moet word om hierdie bedoeling van die partye vas te stel, het aanleiding gegee tot die totstandkoming van ten minste twee denkskole.

Die eerste denkskool, soos voorgestaan deur Corbin, is geskoei op die vasstelling van die ware bedoeling van die partye deur alle getuienis toe te laat wat vir hierdie vasstelling relevant is.¹⁶

Die tweede denkskool, soos voorgestaan deur Williston, plaas ook die bedoeling van die partye op die voorgrond van die ondersoek, maar deur 'n verbod op die aanbieding van sekere relevante getuienis te plaas, word daar in baie gevalle tot 'n kunsmatige of fiktiewe simulاسie van sodanige bedoeling gekom.¹⁷

Daar moet saamgestem word met Zeffertt en Paizes se standpunt dat:

“Whether Corbin’s or Williston’s view is to be preferred is ultimately a matter to be determined by considerations of fundamental judicial policy.”¹⁸

Hierdie standpunt word baie goed uitgebrei deur Calamari en Perillo waar hierdie skrywers verklaar dat daar twee verskillende beleidsrigtings is wat nagevolg kan word. Aan die een kant is daar die beleidsrigting wat bepaal dat die publiek beter gedien word indien daar uitwerking gegee word aan die partye se algehele ooreenkoms, mondeling en skriftelik, selfs al bestaan daar 'n risiko dat daar ongeregtighede kan plaasvind deur middel van bedrog. Aan die ander kant is daar die beleidsrigting wat bepaal dat die sekuriteit verbonde aan transaksies vereis dat die partye hulle algehele ooreenkoms op skrif moet stel, selfs al sal dit aanleiding gee tot ongeregtighede wat per geleentheid mag plaasvind.¹⁹

3 Uitsonderings op die integrasiereël

Volgens Zeffertt en Paizes het die Williston-benadering,²⁰ of dan ten minste die tradisionele benadering wat dit weerspieël, aanleiding gegee tot die onvermybare gevolg dat daar 'n algemene integrasiereël deur die Suid-Afrikaanse howe, waarop daar 'n aantal kategorieë uitsonderings bestaan, geformuleer is.²¹ Talle skrywers is egter, myns insiens heeltewel tereg, van mening dat die verskillende kategorieë van toelaatbare getuienis nie kwalifiseer as egte uitsonderings op die integrasiereël nie, maar eerder as gevalle wat buite die werking van die reël val.²² Hoe dit ookal sy is die

¹⁶ AL Corbin *Corbin on Contracts: A Comprehensive Treatise on the Rules of Contract Law III* (1960) par 573.

¹⁷ SA Williston *A Treatise on the Law of Contracts IV* 3 uitg (1961) par 610, 618.

¹⁸ Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 4.

¹⁹ JD Calamari & JM Perillo *The Law of Contracts* (1970) 109.

²⁰ Sien die bespreking hierbo. Vir 'n volledige bespreking van hierdie uitsonderingsgevalle sien Schmidt *Bewysreg* 596-602; Zeffertt et al *South African Law of Evidence* 327-338.

²¹ Zeffertt & Paizes *Parol Evidence* 5.

²² Sien byvoorbeeld Schmidt *Bewysreg* 596-597.

volgende uitsonderingsgevalle deur die howe geformuleer: memoranda,²³ handels- en plaaslike gebruike,²⁴ ongeldige regshandelinge,²⁵ gesimuleerde kontrakte,²⁶ kollaterale bedinge,²⁷ latere kontrakswysigings,²⁸ opskortende voorwaardes,²⁹ addisionele partye³⁰ en gevalle waar rektifikasie toepassing vind.³¹

4 Verslag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie

In April 1998 het die Suid-Afrikaanse Regskommissie 'n verslag aan die Minister van Justisie ten aansien van onredelike bedinge in kontrakte en die rektifikasie van kontrakte voorgelê.³² Hierdie verslag het ook bestaan uit 'n aansienlike gedeelte wat gehandel het oor die ekstrinsieke getuienis-reël³³ en daar is sekere radikale aanbevelings ten opsigte daarvan gemaak.³⁴

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie was van mening dat die nadele verbonde aan die ekstrinsieke getuienis-reël die voordele van regsekerheid en finaliteit oorskry.³⁵ Die Kommissie was verder van mening dat meer subjektiewe getuienis toelaatbaar behoort te wees ten einde die werklike bedoeling van die partye vas te stel.³⁶ Die Kommissie het dan ook wetgewing

²³ Sien byvoorbeeld *Union Government (Minister of Finance) v Chatwin* 1931 TPD 317; *Baker v Afrikaanse Nasionale Afslaaers en Agentskap Maatskappy (Eiendoms) Beperk* 1951 3 SA 317 (A); *Netherlands Bank of SA v Stern* 1955 1 SA 667 (W); *Reilly v Seligson and Clare Ltd* 1977 1 SA 625 (A); *Du Plessis v Van Deventer* 1960 2 SA 544 (A); *Slabbert, Verster en Malherbe Bpk v De Wet* 1963 1 SA 835 (O); *Otto v Heymans* 1971 4 SA 148 (T).

²⁴ Sien byvoorbeeld *Frank v Ohlsson's Cape Breweries Ltd* 1924 AD 289.

²⁵ Sien byvoorbeeld *Dawson v Cape Times Ltd* 1962 CPD 144; *Janowski v Evans* 1978 3 SA 16 (O); *Munnik and Munnik v Sydney Clow & Co Ltd* 1965 4 SA 313 (T); *Williams v Evans* 1978 1 SA 1170 (K); *Kok v Osborne* 1993 4 SA 788 (SO) 796; *Noffke v Credit Corporation of South Africa Ltd* 1964 3 SA 451 (T); *Philmatt (Pty) Ltd v Mosselbank Developments CC* 1996 2 SA 15 (HHA).

²⁶ Sien byvoorbeeld *Cohen v Commissioner for Inland Revenue* 1948 4 SA 616 (T); *Moodley v Moodley* 1991 1 SA 358 (N); *Fisher v Schlemmer* 1962 4 SA 651 (T); *Beaton v Baldachin Bros* 1920 AD 312; *Kroukamp v Buitendag* 1981 1 SA 606 (W).

²⁷ Sien byvoorbeeld *Avis v Verseput* 1943 AD 331; *Brink v Botha* 1943 KPD 176; *Lampbrechts v Burger* 1955 1 SA 476 (T); *Du Plessis v Nel* 1952 1 SA 513 (A); *Veenstra v Collins* 1938 TPD 458; *Joubert v Steenkamp* 1909 TS 169.

²⁸ Sien byvoorbeeld *SA Sentrale Ko-op Graanmaatskappy Bpk v Shifren* 1964 4 SA 760 (A); *Pelser v Smith* 1979 3 SA 687 (T); *Oceanair (Natal) Pty Ltd v Sher* 1980 1 SA 317 (D) 324; *Brisley v Drotsky* 2002 4 SA 1 (HHA); *Impala Distributors v Taurus Chemical Manufacturing Co (Pty) Ltd* 1975 3 SA 273 (T); *Barnett v Van der Merwe* 1980 3 SA 606 (T); *Van As v Du Preez* 1981 3 SA 760 (T).

²⁹ Sien byvoorbeeld *Stiglingh v Theron* 1907 TS 998; *Philmatt (Pty) Ltd v Mosselbank Developments CC* 1996 2 SA 15 (HHA); *Wilson v Cape Town Stevedoring Co* 1916 CPD 540; *Cohen & Sons v Lockett* 1916 TPD 51; *Thiart v Kraukamp* 1967 3 SA 219 (T); *Johnston v Leal* 1980 3 SA 927 (A); *Sealed Africa (Pty) Ltd v Kelly* 2006 3 SA 65 (W).

³⁰ Sien byvoorbeeld *Steenkamp v Webster* 1955 1 SA 524 (A); *Bacon v Cooper* 1910 WLD 311; *Cook v Aldred* 1909 TS 150; *Kruger v Rheeder* 1972 2 SA 391 (O); *Mineworkers' Union v Cook* 1959 1 SA 709 (W); *Muller v Pienaar* 1968 3 SA 195 (A).

³¹ Sien byvoorbeeld *Tesven CC v South African Bank of Athens* 1999 4 All SA 396 (A); *Weinerlein v Goch Buildings Ltd* 1925 AD 282; *Venter v Liebenberg* 1954 3 SA 333 (T); *Mouton v Hanekom* 1959 3 SA 35 (A); *Schoeman v Nieuwoudt* 1971 4 SA 161 (O); *Vogel v Volkerts* 1977 1 SA 537 (T); *AXZS Industries v AF Dreyer (Pty) Ltd* 2004 4 SA 186 (W).

³² Suid Afrikaanse Regskommissie *Report on Unreasonable Stipulations in Contracts and the Rectification of Contracts Projek 47* (1998). Vir 'n meer volledige bespreking van hierdie verslag sien Cornelius (1999) *TSAR* 344; Bekker *Die Ekstrinsieke Getuienis-reël in die Suid-Afrikaanse Kontraktereg*.

³³ Suid Afrikaanse Regskommissie *Report on Unreasonable Stipulations in Contracts* 195-212.

³⁴ 211-212.

³⁵ 207-208, 210-211.

³⁶ 211-212.

beskou as die enigste werkbare oplossing vir die afskaffing of modifikasie van die reël.³⁷

Dit blyk egter, myns insiens, dat die Suid-Afrikaanse Regskommissie se aanbevelings ten aansien van die ekstrinsieke getuienis-reël tekort skiet. In die eerste plek word die indruk geskep dat die Kommissie slegs na die interpretasiereël verwys in hulle voorgestelde wetgewing en geensins na die integrasiereël nie.³⁸ Tweedens is die voorstel van die Kommissie heeltemal te kriptomies en is die Kommissie se voorstelle oorvereenvoudig.³⁹ Dit is dan ook nie verbasend nie dat sedert hierdie aanbevelings gemaak is, daar reeds meer as 'n dekade verloop het en sodanige aanbevelings klaarblyklik intussen 'n stadige dood gesterf het.

5 Die grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid

In 'n onlangse studie is die standpunt ingeneem dat daar regverdiging is vir drie algemene benaderings tot kontraktuele aanspreeklikheid wat in die Suid-Afrikaanse regspraak sigbaar is.⁴⁰

- Eerstens is daar 'n subjektiewe benadering wat gekwalifiseer word deur die leerstuk van estoppel in gevalle van *dissensus*.
- Tweedens is daar 'n subjektiewe benadering wat gekwalifiseer word deur 'n direkte toepassing van die vertrouensteorie in gevalle van *dissensus*.
- Laastens is daar 'n objektiewe benadering wat gekwalifiseer word deur die *iustus error*-benadering.

Alhoewel die eerste benadering in teorie nog deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse kontraktereg, is die gebruik daarvan deur die hofe vir alle praktiese doeleindes gestaak na die bekende saak van *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd (formerly known as Sonarep (SA) (Pty) Ltd) v Pappadogianis*.⁴¹

Die tweede, subjektiewe benadering, bepaal die totstandkoming van 'n kontrak deur na die werklike subjektiewe bedoelings van die kontrakspartye te kyk. As daar geen daadwerklike wilsooreenstemming tussen die partye bestaan nie, kan geen kontrak tot stand kom nie. Die partye is derhalwe nie kontraktueel gebonde waar wilsooreenstemming verhinder word deur een of ander faktor, soos dwaling, nie.⁴²

³⁷ 211-212.

³⁸ Vir 'n meer volledige bespreking sien Bekker *Die Ekstrinsieke Getuienis-reël in die Suid-Afrikaanse Kontraktereg* 300-316.

³⁹ 300-316.

⁴⁰ C-J Pretorius *The Basis of Contractual Liability: A Comparative Study* LLD tesis Universiteit van Suid-Afrika (2002) 428.

⁴¹ 1992 3 SA 234 (A).

⁴² Van der Merwe et al *Contract* 22; RH Christie *The Law of Contract in South Africa* 5 uitg (2006) 1; DJ Joubert *General Principles of the Law of Contract* (1987) 79; GF Lubbe & CM Murray *Farlam and Hathaway Contract: Cases, Materials and Commentary* 3 uitg (1988) 106; Pretorius *The Basis of Contractual Liability* 11.

Hierdie benadering geniet groot steun in die Suid-Afrikaanse kontraktereg.⁴³ In *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman*⁴⁴ het Jansen AR hierdie beginsel as volg verwoord:

“In die algemeen word geleer dat die grondslag van ’n ooreenkoms *consensus ad idem*, wilsooreenstemming, tussen die partye is. Ons bronne, literatuur en regspraak is deurspek met ’n terminologie en stellings wat daarop dui dat met *consensus* bedoel word die saamval van wat elke party werklik (psigologies) wil.”⁴⁵

Die teoretiese grondslag van hierdie benadering staan bekend as die sogenaamde wilsteorie.⁴⁶

Die subjektiewe benadering word gekwalifiseer deur die toepassing van direkte vertrouensbeskerming. Volgens direkte vertrouensbeskerming kan ’n kontraksparty gebonde gehou word aan ’n kontrak indien hy die redelike vertroue by die ander kontraksparty gewek het dat hy dieselfde bedoeling as sodanige party gehad het. Die kontrak berus dus op die redelike vertroue wat gewek is dat daar wel wilsooreenstemming bestaan, selfs al is daar geen werklike wilsooreenstemming tussen die partye nie.⁴⁷

Hierdie benadering is tans stewig ingeburger in die Suid-Afrikaanse kontraktereg. Ingevolge hierdie benadering word die subjektiewe benadering in die eerste plek toegepas by die vasstelling van kontraktuele aanspreeklikheid. Aangesien die subjektiewe benadering egter nie altyd aanvaarbare resultate tot gevolg het nie, het ons howe ook die toepassing van direkte vertrouensbeskerming in sekere omstandighede aangeneem.⁴⁸ In *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp* het die Appèlhof dit as volg verduidelik:

“[Dit] word vry algemeen aanvaar dat die wilsteorie, as grondslag van kontraktuele gebondenheid in ons reg, in gepaste gevalle deur die vertrouensteorie getemper word.”⁴⁹

Die derde, objektiewe benadering, bepaal dat die totstandkoming van ’n kontrak op die basis van die kontrakspartye se objektiewe ooreenstemmende verkларings van hulle bedoeling vasgestel word, terwyl hulle subjektiewe bedoelings geensins ’n rol speel nie. Daar word derhalwe gekyk na die

⁴³ *Société Commerciale de Moteurs v Ackermann* 1981 3 SA 422 (A); *Adams v SA Motor Industry Employers Association* 1981 3 SA 1189 (A).

⁴⁴ 1979 3 SA 978 (A).

⁴⁵ 993.

⁴⁶ Van der Merwe et al *Contract* 22; Christie *The Law of Contract* 1; Joubert *General Principles* 79; Lubbe & Murray *Farlam and Hathaway Contract* 106; Pretorius *The Basis of Contractual Liability* 11.

⁴⁷ Van der Merwe et al *Contract* 38; Christie *The Law of Contract* 1; Joubert *General Principles* 80; AJ Kerr *The Principles of the Law of Contract* 6 uitg (2002) 20, 23; Lubbe & Murray *Farlam and Hathaway Contract* 106; Pretorius *The Basis of Contractual Liability* 65.

⁴⁸ *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp* 1979 4 SA 74 (A); *Société Commerciale de Moteurs v Ackermann* 1981 3 SA 422 (A); *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W); *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd (formerly known as Sonarep (SA) (Pty) Ltd) v Pappadogianis* 1992 3 SA 234 (A).

⁴⁹ *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp* 1979 4 SA 74 (A) 78.

objektiewe eksterne manifestasies van die partye se bedoelings.⁵⁰ Die teoretiese grondslag van hierdie benadering staan bekend as die sogenaamde verklaringsteorie.⁵¹

Die objektiewe benadering word gekwalifiseer deur die toepassing van die *iustus error*-leerstuk, waarna ook verwys word as indirekte vertrouensbeskerming.⁵² Aangeleenthede van *dissensus* word nie net altyd deur die howe beoordeel deur middel van 'n direkte ondersoek na die teenwoordigheid van werklike wilsooreenstemming of die redelike vertroue op die bestaan van wilsooreenstemming nie. Dikwels voer 'n kontraksparty aan dat hy nie aan 'n kontrak gebonde is nie weens dwaling aan sy kant. Ingevolge die subjektiewe benadering is bewys van 'n wesenlike dwaling in so 'n geval voldoende. Indien die ander kontraksparty nogtans so 'n dwalende party gebonde wil hou aan die kontrak, sal hy moet bewys dat daar 'n redelike vertroue van wilsooreenstemming gewek is. Die howe het egter 'n benadering in sodanige gevalle ontwikkel wat altwee hierdie stadiums in een proses saamvat. Hierdie benadering staan bekend as die *iustus error*-benadering.⁵³

Ten spyte van kritiek uit verskeie oorde,⁵⁴ is die *iustus error*-benadering tans ook stewig in ons reg ingeburger.⁵⁵ Ingevolge die *iustus error*-benadering moet 'n party wat kontraktuele aanspreeklikheid wil vryspring deur op dwaling te steun, eerstens bewys dat die dwaling wesenlik was (soos deur die subjektiewe benadering vereis). Tweedens, moet sodanige party verder aantoon dat sy dwaling redelik was. Ten aansien van hierdie aspek wyk die *iustus error*-benadering van die wilsteorie in sy ongekwalifiseerde vorm af.

⁵⁰ Van der Merwe et al *Contract* 24; Christie *The Law of Contract* 1; Joubert *General Principles* 80; Lubbe & Murray *Farlam and Hathaway Contract* 106; Pretorius *The Basis of Contractual Liability* 48. Vir 'n goeie voorbeeld van die toepassing van die objektiewe benadering sien *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A) 479 waar die Appèlhof hierdie benadering kortliks as volg opgesom het:

“If the respondent had been a natural person who had accepted a tender according to its terms, there is no doubt that a contract would have been made when the acceptance was communicated to the tenderer, as by posting it. It would not be possible for such a natural person, if he repudiated, to escape liability by proving that he had posted the wrong letter or the like. That follows from the generally objective approach to the creation of contracts which our law follows. (See van Ryn Wine and Spirit Co v Chandos Bar, 1928 T.P.D. 417 at pp. 424, 425; Irvin and Johnson (S.A.) Ltd v Kaplan, 1940 CPD 647 at pp. 650, 651; and the cases therein cited.)”

⁵¹ In die Engelse reg word daar 'n “objektiewe teorie van bedoeling” toegepas. Vir meer hieroor sien J Cooke & D Oughton *The Common Law of Obligations* 3 uitg (2000) 142-145.

⁵² Van der Merwe et al *Contract* 42-43; Christie *The Law of Contract* 313-329; Joubert *General Principles* 79; Kerr *Principles of the Law of Contract* 242-243; Pretorius *The Basis of Contractual Liability* 403; S van der Merwe “Die Duiwel, die Hof en die Wil van 'n Kontraktant” in J Gauntlett (red) *JC Noster: 'n Feesbundel* (1979) 13; MFB Reinecke & S van der Merwe “Dwaling by Kontraktluiting: *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W)” (1984) *TSAR* 290 291-292; MFB Reinecke “Regstreekse of Onregstreekse Toepassing van die Vertrouenssteorie?” (1989) *TSAR* 509 510.

⁵³ *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W); *Osman v Standard Bank National Credit Corporation Ltd* 1985 2 SA 378 (K); *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk* 1985 2 SA 893 (A); *Spindrift (Pty) Ltd v Lester Donovan (Pty) Ltd* 1986 1 SA 303 (A); *Nasionale Behuiskommissie v Greyling* 1986 4 SA 917 (T); *Kempston Hire (Pty) Ltd v Snyman* 1988 4 SA 465 (T); *Kok v Osborne* 1993 4 SA 788 (SOK); *Maresky v Morkel* 1994 1 SA 249 (K); *Dlovo v Brian Porter Motors Ltd* 1994 2 SA 518 (K); *Lake v Cathness* 1997 1 SA 667 (E); *Goldberg v Carstens* 1997 2 SA 854 (K); *Prins v ABSA Bank* 1998 3 SA 904 (K); *Hlobo v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 2001 2 SA 59 (HHA); *Brink v Humphries & Jewell (Pty) Ltd* 2005 2 SA 419 (HHA); *Van Aartsen v Van Aartsen* 2006 4 SA 131 (T).

⁵⁴ Sien byvoorbeeld Reinecke & Van der Merwe (1984) *TSAR* 290; Reinecke (1989) *TSAR* 509; Van der Merwe et al *Contract* 51-52.

⁵⁵ Sien die gewysdes aangehaal in vn 53 hierbo.

Deurdat die howe ook vereis dat 'n wesenlike dwaling redelik moet wees, het hulle die uitwerking wat *dissensus* deur middel van 'n subjektiewe dwaling op die bestaan van 'n kontrak kan hê, aansienlik beperk. Op hierdie wyse het die finale besluit oor die ontstaan van 'n kontrak afhanklik geraak van subjektiewe, sowel as objektiewe, faktore.⁵⁶

6 Kritiek teen die grondslag van die integrasiereël in die lig van die kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings

Wat kritiek teen die grondslag van die integrasiereël in die lig van die Suid-Afrikaanse kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings aanbetref, moet daar 'n onderskeid getref word tussen gevalle waar daar 'n integrasiebeding in die skriftelike kontrak vervat word en gevalle waar daar nie sodanige beding in die kontrak vervat word nie.

Wat die eerste gevalle aanbetref is dit duidelik dat die partye uitdruklik kan ooreenkom om hulle volle ooreenkoms in die skriftelike kontrak te integreer deur die insluiting van 'n integrasiebeding in die kontrak. Dit gebeur dikwels dat partye hulle toevlug neem tot 'n beding wat ontwerp is om die status van 'n dokument as 'n integrasie onbetwisbaar te maak. Daar is al verskeie benamings aan sodanige beding of klousule gegee, byvoorbeeld integrasiebeding,⁵⁷ samesmeltingsbeding,⁵⁸ enigste-ooreenkomsbeding⁵⁹ en volle-ooreenkomsbeding.⁶⁰ In so 'n geval kan die besluit om te integreer op die werklike subjektiewe bedoeling van die partye berus en verteenwoordig dit dan 'n uitdrukking van die wilsteorie.⁶¹

Wat is egter die posisie waar die insluiting van sodanige beding nie die partye se werklike bedoeling reflekteer nie? Dit is duidelik dat daar in so 'n geval nie van wilsooreenstemming ten aansien van die integrasiebeding sprake is nie. Indien die subjektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid, soos gekwalifiseer deur direkte vertrouensbeskerming, op hierdie situasie van toepassing gemaak word, beteken dit dat 'n party gebonde gehou behoort te kan word aan slegs die skriftelike kontrak (integrasiebeding) op grond van die vertroue van integrasie wat hy by die ander party gewek het.⁶²

Hierdie vertroue sal daaruit bestaan dat 'n party die skriftelike kontrak onderteken het waar daar 'n integrasiebeding in die skriftelike kontrak vervat is (*caveat subscriptor*).⁶³ Waar daar 'n integrasiebeding in die

⁵⁶ Van der Merwe et al *Contract* 43; Kerr *Principles of the Law of Contract* 243.

⁵⁷ *Spur Steak Ranch Ltd v Mentz* 2000 3 SA 755 (K).

⁵⁸ *VSA Motors Distributors (Pty) Ltd v Rossman* 1980 3 SA 1164 (D).

⁵⁹ *Bowring Barclays & Genote (Edms) Bpk v De Kock* 1991 1 SA 145 (SWA).

⁶⁰ *Standard Bank of SA Ltd v Cohen (I)* 1993 3 SA 846 (SOK); *Sealed Africa (Pty) Ltd v Kelly* 2006 3 SA 65 (W).

⁶¹ Sien die bespreking in deel 5 hierbo.

⁶² Alhoewel daar, sover vasgestel is, nie enige spesifieke gesag is waar die howe die vertrouenteorie of *iustus error* aangewend het waar daar sprake was van 'n *integrasiebeding* nie, is daar, myns insiens, geen rede waarom die algemene beginsels soos geformuleer deur die howe nie ook in so 'n geval van toepassing behoort te wees nie. Sien die bespreking in deel 5 hierbo.

⁶³ Hierdie regsbeginneel is as volg uiteengesit deur Innes HR in *Burger v Central South African Railways* 1903 TS 571 578:

"It is a sound principle of law that a man, when he signs a contract, is taken to be bound by the ordinary meaning and effect of the words which appear over his signature."

skriftelike kontrak vervat word en 'n party die kontrak onderteken sonder dat hy die bedoeling het om te integreer, sal hy, myns insiens, natuurlik wel aanspreeklik gehou kan word indien hy 'n redelike vertroue by die ander party gewek het dat hy wel gebonde is aan sodanige beding.⁶⁴ Waar die ander party egter nie mislei is deur die handeling van ondertekening van die skriftelike kontrak deur die ander party nie, (soos by die ondertekening van 'n standaardbedingkontrak waar die ander party duidelik sien dat die kontrak nie gelees word voor ondertekening nie), behoort sodanige party egter nie gebonde gehou te kan word aan sodanige beding nie. Weens die werking van die integrasieëel sal dit tans in die praktyk egter slegs beteken dat sodanige party toegelaat sal word om ekstrasieële getuienis aan te bied om aan te toon dat daar slegs 'n gedeeltelike integrasie van die partye se ooreenkoms plaasgevind het en mag sodanige getuienis nie die bedinge van die skriftelike hoofkontrak weerspreek nie.

Dit is dan ook waar die probleem ten aansien van die toepassing van die integrasieëel ontstaan. Waar 'n kontraksparty wat nie gebonde gehou wil word aan 'n integrasiebeding nie, getuienis sou wou aanbied van 'n teenstrydige kollaterale ooreenkoms, juis met die doel om aan te toon dat hy nie 'n redelike vertroue van integrasie by die afdwinger van die integrasiebeding gewek het nie, sal sodanige getuienis nie toelaatbaar wees nie weens die werking van die integrasieëel. In die lig van die subjektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid beteken dit dat getuienis van 'n gebrek aan werklike wilsooreenstemming uitgesluit word weens die werking van hierdie reël.⁶⁵

Wat die objektiewe benadering, (soos gekwalifiseer deur die *iustus error*-leerstuk),⁶⁶ tot kontraktuele aanspreeklikheid aanbetref is dit duidelik dat die partye se objektiewe ooreenstemmende verklarings dui op 'n integrasie van hulle volle ooreenkoms in die skriftelike kontrak. Dit sal die posisie wees waar daar 'n integrasiebeding in die skriftelike kontrak vervat word. In so 'n geval berus die besluit om te integreer op die objektiewe ooreenstemmende verklarings van die partye en verteenwoordig dit derhalwe 'n uitdrukking van die verklaringsteorie.⁶⁷

⁶⁴ In die algemeen, sien die gewysdes aangehaal in vn 47 hierbo. Alhoewel hierdie gewysdes spesifiek handel met die situasie waar 'n party aanspreeklikheid wil ontkom ten aansien van 'n kontrak in sy geheel, behoort daar geen rede te wees waarom dit nie ook van toepassing kan wees waar 'n party aanspreeklikheid wil vryspring ten aansien van 'n spesifieke beding van die kontrak nie. Vergelyk byvoorbeeld *George v Fairmead* 1958 2 SA 465 (A) 471A-D, waar die hof gevra het “[w]hen can an error be said to be *iustus* for the purpose of entitling a man to repudiate his apparent assent to a *contractual term*?” (Eie beklemtoning). Hierdie moontlikheid is dan ook spesifiek vergestalt in die volgende aanhaling deur Van Heerden AR in *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk* 1985 2 SA 893 (A):

“Na my mening het die respondent dus deur stilswye die appellant mislei, en is sy dwaling aangaande die aanspreeklikheid van die respondent ingevolge die dokument wel *justus error*. *Of die appellant as gevolg daarvan hoegenaamd nie aan die bepalings van die dokument gebonde is nie, is nie ter sake en kan tersy gelaat word. Op sy beste vir die respondent is die appellant nie gebonde nie aan para 6 insoverre dit aanspreeklikheid uitsluit vir voorstellings vervat in die advertensie.*” (Eie beklemtoning).

⁶⁵ Daar moet in gedagte gehou word dat die getuienis ten aansien van die teenstrydige kollaterale ooreenkoms aangebied word met 'n tweeledige doel: eerstens om aan te toon dat daar nie wilsooreenstemming bestaan het ten aansien van die insluiting van die integrasiebeding in die skriftelike hoofkontrak nie, en, tweedens om te steun op die beding(e) soos vervat in sodanige teenstrydige kollaterale ooreenkoms.

⁶⁶ Sien die bespreking in deel 5 hierbo.

⁶⁷ Sien die bespreking in deel 5 hierbo.

Waar 'n party egter wil aantoon dat hy, ten spyte van sy objektiewe ooreenstemmende verklaring, nie aan die integrasiebeding gebonde gehou behoort te word nie sal hy eerstens moet aantoon dat daar 'n subjektiewe wesenlike dwaling aan sy kant was ten aansien van die regsgevolge van die integrasiebeding en, tweedens, dat sy dwaling objektief redelik was in die omstandighede. Die ontkenner van die integrasiebeding sal egter weer eens verbied word om getuienis aan te bied van die aangaan van 'n teenstrydige kollaterale ooreenkoms om aan te toon dat daar 'n redelike dwaling by hom aanwesig was ten aansien van die regsgevolge van die skriftelike kontrak. Indien dit nie vir die bestaan van die integrasiereël was nie, sou die bedingontkenner wel getuienis kon aanbied van sodanige kollaterale teenstrydige ooreenkoms wat dan ook duidelik sou kon uitwys dat sy dwaling ten aansien van die regsgevolge van die integrasiebeding wel redelik was in die omstandighede. Die toets van 'n wesenlike en redelike dwaling soos uiteengesit deur die *iustus error*-benadering word derhalwe verhinder deur die huidige streng toepassing van die integrasiereël in ons reg.

Die feite van *Du Plessis v Nel*⁶⁸ kan aangewend word ter illustrasie van bogemelde standpunt. In hierdie saak het die eiseres en die verweerder 'n skriftelike kontrak aangegaan ingevolge waarvan die eiseres aan die verweerder haar plaas verkoop het, uitgesonderd twee gedeeltes waarvandaan sy onder andere 'n algemene handelaarswinkel bedryf het. Voordat die skriftelike kontrak egter gesluit is, het die partye 'n mondelinge ooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan die verweerder onderneem het om toekomstige kliënte van die eiseres toe te laat om oor die eiendom wat sy aan hom sou verkoop te beweeg na haar winkel toe.

Op grond hiervan het die eiseres 'n aksie teen die verweerder ingestel en onder andere versoek dat sy geregtig was:

- Op 'n bevel wat verklaar dat sy geregtig was op die registrasie van 'n serwituut van reg-van-weg oor die gedeelte van die plaas wat sy aan die verweerder verkoop het na en vanaf haar winkel ten gunste van alle toekomstige kliënte wat die winkel sou wou besoek;
- Alternatiewelik op 'n bevel wat verklaar het dat alle toekomstige kliënte wat die winkel besoek geregtig was op 'n reg van weg na en vanaf die winkel.⁶⁹

Die verweerder het 'n eksepsie aangeteken teen beide hierdie eise op die basis dat dit nie 'n skuldoorsaak geopenbaar het nie. Een van die gronde waarop die eksepsie berus het, was dat die getuienis om die voorafgaande mondelinge ooreenkoms te bewys, ontoelaatbaar was aangesien dit teenstrydig was met die geskrewe koopkontrak. Die eksepsie is deur die hof *a quo* van die hand gewys en die verweerder het appèl teen die beslissing aangeteken na 'n volbank van die Appèlhof.⁷⁰

⁶⁸ 1952 1 SA 513 (A).

⁶⁹ 532.

⁷⁰ 533.

Van den Heever AR het die meerderheidsuitspraak van die hof gelewer⁷¹ waarmee Centlivres HR⁷² en Fagan AR⁷³ saamgestem het.⁷⁴ Van den Heever AR het verklaar dat waar 'n koopkontrak die prys van die koopsaak uiteensit of dat die koopsaak sonder beswaring verkoop word, getuienis van 'n voorafgaande of gelyktydige mondelinge ooreenkoms nie toelaatbaar is om te bewys dat die koopprys iets anders was of dat die koopsaak onderhewig was aan 'n serwituut nie.⁷⁵ Centlivres HR het bygevoeg dat die verpligting van die appellant (verweerder) om 'n reg-van-weg te verleen teenstrydig was met die bedinge van die skriftelike koopkontrak en getuienis van die mondelinge ooreenkoms derhalwe ontoelaatbaar was.⁷⁶

Dit is nie duidelik of daar in hierdie aangeleentheid sprake was van die insluiting van 'n integrasiebeding in die skriftelike koopkontrak tussen die partye nie. Gestel egter, hipoteties gesproke en vir doeleindes van die toepassing van bogemelde standpunte ten aansien van die wisselwerking tussen die kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings en die integrasiereël op hierdie feitestel, dat daar wel sodanige beding in die skriftelike kontrak vervat was. Ten einde aanspreeklikheid ten opsigte van die betrokke integrasiebeding vry te spring ingevolge die subjektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid, (soos gekwalifiseer deur direkte vertrouensbeskerming), sou die eiseres in so 'n geval moes kon aantoon dat die verweerder nie mislei is deur haar ondertekening van die koopkontrak nie. Indien sy egter getuienis sou wou aanbied van die teenstrydige kollaterale mondelinge ooreenkoms oor die betrokke reg van weg, juis om aan te dui dat die verweerder nie mislei is deur haar ondertekening van die skriftelike koopkontrak nie en dat sy derhalwe nie gebonde gehou behoort te word aan die *integrasiebeding*⁷⁷ nie, sou die hof in alle waarskynlikheid nie hierdie getuienis toegelaat het oor die aangaan van sodanige teenstrydige kollaterale ooreenkoms nie. Hierdie

⁷¹ 532-540.

⁷² 517-520.

⁷³ 540.

⁷⁴ Greenberg AR (met wie Schreiner AR saamgestem het) het in 'n minderheidsuitspraak aangevoer dat die mondelinge ooreenkoms beteken het dat, nadat die appellant (verweerder) die eenaar van die eiendom geword het deur registrasie, hy 'n serwituut van reg-van-weg aan die respondent (eiseres) sou verleen. Volgens die minderheidsuitspraak was die mondelinge ooreenkoms derhalwe nie teenstrydig met die skriftelike koopkontrak ten aansien van die koopprys van die eiendom nie en was getuienis van sodanige ooreenkoms gevolglik toelaatbaar (521-528).

⁷⁵ 538-540.

⁷⁶ 520. Centlivres AR het hierdie standpunt as volg verwoord:

"I have construed the written contract as meaning that defendant is entitled to receive transfer free of any conditions other than the conditions in the deed of transfer No. 21938/1941 and prior deeds. The oral agreement seeks to impose another condition which is *inconsistent* with the written contract. In these circumstances, therefore, *the whole of the transaction in relation to the conditions subject to which the defendant was to become owner must be taken to have been embodied in the written contract.*" (Eie beklemtoning).

⁷⁷ Die getuienis word derhalwe nie aangebied met die doel om aan te toon dat daar nie wilsooreenstemming was tussen die partye wat die skriftelike hoofkontrak aanbetref en die kontrak derhalwe nietig is nie, in welke geval getuienis natuurlik wel toelaatbaar sou wees ingevolge een van die sogenaamde uitsonderingsgevalle op die werking van die integrasiereël. Die getuienis word slegs aangebied om aan te toon dat die een kontraksparty nie gebonde gehou behoort te word aan 'n *integrasiebeding* vervat in die skriftelike hoofkontrak nie, aangesien daar nie 'n indruk gewek is by die ander party dat die eerste party wel gebonde is aan sodanige beding nie. Hierdie standpunt druis nie in teen die stelling soos na verwys in *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk* 1985 2 SA 893 (A) nie, aangesien dit in daardie aangeleentheid gegaan het oor 'n beding ingevolge waarvan aanspreeklikheid vir enige voorstelling vervat in die betrokke

getuienis sou nie verbied word by enige ander kontraktuele beding nie, maar slegs by 'n integrasiebeding en slegs weens die werking van die integrasiereël in ons reg.

Eweneens, indien die eiseres sou wou aantoon dat sy nie gebonde is aan die integrasiebeding ingevolge die objektiewe benadering, (soos gekwalifiseer deur die *iusus error*-leerstuk), nie, sou sy getuienis moes kon aanbied om aan te toon dat daar 'n wesenlike en redelike dwaling by haar aanwesig was ten aansien van die regsgevolge (integrasië) van die skriftelike kontrak. Ook in so 'n geval sou die hof in alle waarskynlikheid nie getuienis oor die aangaan van 'n teenstrydige kollaterale ooreenkoms toegelaat het ten einde die eiseres in staat te stel om aan te toon dat daar 'n redelike dwaling by haar aanwesig was ten aansien van die regsgevolge van die integrasiebeding nie.⁷⁸ Daar moet in gedagte gehou word dat in sodanige geval die bedinge van die kollaterale teenstrydige ooreenkoms oor die reg van weg die enigste getuienis is wat aangebied word en dat hierdie getuienis aangebied word met 'n tweeledige doel. Eerstens word dit aangebied om aan te toon dat daar nie wilsooreenstemming bestaan het ten aansien van die insluiting van die integrasiebeding in die skriftelike hoofkontrak nie, en, tweedens om te steun op die beding(e) soos vervat in sodanige teenstrydige kollaterale ooreenkoms.⁷⁹ Weer eens is die enigste rede vir sodanige verbod, die bestaan van 'n reël wat getuienis uitsluit van enige getuienis wat in stryd is met die bedinge van 'n skriftelike kontrak.

Die gevolgtrekking wat derhalwe hieruit gemaak kan word, is dat daar by integrasiebedinge bloot volstaan word met uiterlike wilsooreenstemming. Daar kan gevolglik aangevoer word dat die bestaan van 'n integrasiebeding in die skriftelike kontrak neerkom op 'n tipe van verklaringsteorie in sy ongekwalifiseerde vorm wat natuurlik nie in ooreenstemming met ons huidige kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings- en teorieë is nie.

Die tweede kategorie van gevalle is waar daar nie 'n integrasiebeding in die skriftelike kontrak vervat word nie. Indien die subjektiewe benadering as uitgangspunt geneem word, is daar geen manier hoegenaamd dat daar uit die blote handeling van opskrifstelling afgelei kan word dat die partye

advertensie uitgesluit is, en nie 'n integrasiebeding nie. Gewysdes soos byvoorbeeld *Kok v Osborne* 1993 4 SA 788 (SE) 796B waar die hof verklaar het dat “[t]hus, oral evidence is admissible to show that the contract is void or unenforceable for fraud, or mistake, or illegality, or impossibility, or lack of consensus” en *Johnston v Leal* 1980 3 SA 927 (A) 945G waar beslis is dat “[t]he fact that a transaction has been embodied in a document does not preclude a party from attacking its validity. For example, evidence may be adduced to prove that it was induced by fraud, duress or misrepresentation, or that it is void for mistake, illegality or failure to comply with the terms of a statute”, is derhalwe nie van toepassing in hierdie geval nie.

⁷⁸ Ook in hierdie geval word die getuienis nie aangebied om aan te toon dat die skriftelike hoofkontrak nietig is weens 'n gebrek aan wilsooreenstemming nie, maar bloot om aan te toon dat daar 'n wesenlike en redelike dwaling by die eiseres aanwesig was ten aansien van die gevolge van die integrasiebeding vervat in die skriftelike kontrak en dat sy derhalwe, op grond van die objektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid, nie aan sodanige integrasiebeding gebonde is nie.

⁷⁹ Daar kan natuurlik 'n argument uitgemaak word dat 'n kontraksparty wat nie kan aantoon dat hy nie aan 'n integrasiebeding gebonde is nie, bloot kan aandrang op die rektifikasie van die hoofooreenkoms ten einde die bedinge van die kollaterale ooreenkoms daarby in te sluit. Aangesien dit egter hier bloot gaan oor die feit dat die blote bestaan en werking van die integrasiereël nie versoen kan word met die kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings in ons reg nie, sal hierdie moontlikheid nie verder in hierdie artikel bespreek word nie.

noodwendig bedoel het om hulle algehele ooreenkoms in die skriftelike kontrak te integreer nie. Daar kan verder ook geensins aangevoer word dat waar die partye hulle ooreenkoms op skrif stel, daar by enige van die partye 'n redelike vertroue van algehele integrasie gewek word nie.

Daar kan natuurlik geargumenteer word dat sodanige redelike vertroue van integrasie wel gewek word deur 'n party waar daar opskrifstelling plaasgevind het en sodanige party nie kan aantoon dat daar slegs 'n gedeeltelike integrasie van die ooreenkoms plaasgevind het nie. So 'n argument sou egter slegs oor meriete beskik indien die leerstuk van gedeeltelike integrasie daaruit sou bestaan dat daar ook getuienis van 'n teenstrydige, (en nie net slegs aanvullende), kollaterale ooreenkoms aangebied kan word, wat tans nie die geval is nie.⁸⁰

Wat die objektiewe benadering aanbetref, is dit duidelik dat daar in so 'n geval nie noodwendig in alle gevalle van wilsooreenstemming sprake is nie aangesien daar nie objektiewe ooreenstemmende verklarings deur die partye in die skriftelike kontrak ten aansien van integrasie vervat is nie. Deur die blote handeling van opskrifstelling (gedrag van die partye) word daar 'n bedoeling van integrasie aan die partye toegeskryf. Daar kan aangevoer word dat ons hier te doen het met 'n ekstreme vorm van die objektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid, aangesien daar nie eers iets is wat lyk soos 'n integrasie-ooreenkoms nie. Dit blyk ook duidelik dat die *iustus error*-leerstuk geen rol in hierdie omstandighede kan vervul nie. Daar is geen sprake van 'n dwaling om te integreer nie en nog minder dat sodanige dwaling redelik moet wees.

Indien hierdie standpunte weer eens toegepas word op die feite van *Du Plessis v Nel*⁸¹ sou die eiseres verbied gewees het om, ten aansien van die subjektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid, getuienis aan te bied van die betrokke kollaterale mondelinge ooreenkoms oor die reg van weg, ten einde aan te toon dat daar nie 'n redelike vertroue van integrasie gewek is by die verweerder deur middel van *die blote handeling van opskrifstelling* nie.

Soortgelyk sou sy ook nie geregtig gewees het om, ten aansien van die objektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid, getuienis aan te bied van die kollaterale mondelinge ooreenkoms om aan te toon dat daar 'n wesenlike en redelike dwaling by haar aanwesig was ten aansien van die regsgevolge van blote opskrifstelling nie, wat in elk geval absurd sou wees aangesien daar geensins eers sprake is van enige dwaling nie!

Hierdie benadering wys dan ook weereens duidelik die gebreke verbonde aan die integrasiereël uit. Indien hierdie benadering gevolg word blyk dit duidelik dat die integrasiereël slegs kan kwalifiseer as 'n regsfigsie⁸² aangesien daar

⁸⁰ Sien die bespreking in deel 2 hierbo en die gewysdes daarin na verwys.

⁸¹ 1952 1 SA 513 (A).

⁸² Vergelyk byvoorbeeld PJJ Olivier *Legal Fictions in Practice and Legal Science* (1975) 115 wat oortuigend aanvoer dat 'n judisiële regsfigsie die aard van 'n regsreël aanneem:

“Numerous rules of modern law are based on rules which developed centuries ago and were then based on fictions. The rules have been received and developed by modern law, but the underlying fictions have been forgotten.”

geen sprake is van objektiewe ooreenstemmende verklarings van die partye, in die afwesigheid van 'n integrasiebeding, nie.

Dit blyk dus duidelik dat die integrasiereël bots met beide die subjektiewe en objektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid. Daar kan dan ook hoogstens die afleiding gemaak word dat hierdie reël tans as 'n blote fiksie in die Suid-Afrikaanse reg fungeer. Daar moet saamgestem word met die standpunt van Zeffertt, Paizes en Skeen, waar hierdie skrywers verklaar dat die volgende benadering eerder gevolg moet word: Het die partye inderdaad ooreengekom dat die dokument die finale uiteensetting van hulle ooreenkoms sou wees en, indien nie, het die verkoper se optrede die koper daartoe oorreed dat dit wel die geval was, en was hy (die koper) redelik en *bona fide* in hierdie vertroue?⁸³

Indien hierdie benadering gevolg word, kan daar ten minste van 'n ware "bedoeling" van die partye gepraat word en sal hierdie "bedoeling" nie slegs tot 'n blote fiksie verminder word nie. Hierdie benadering is ook meer in lyn met die huidige Suid-Afrikaanse kontraktereg wat, myns insiens, die korrekte benadering sou wees om te volg in soortgelyke gevalle.

7 Gevolgtrekking

In die lig van bogemelde bespreking wil dit derhalwe voorkom of die huidige toepassing van die integrasiereël in die Suid-Afrikaanse kontraktereg nie in lyn is met die huidige benadering wat gevolg word deur die houe by die toepassing van die kontraktuele aanspreeklikheidsbenaderings soos aanvaar in ons reg nie. Die streng werking van hierdie reël bots lynreg met beide die subjektiewe en objektiewe benadering tot kontraktuele aanspreeklikheid en het bloot werking as 'n regsfigksie in die Suid-Afrikaanse reg. Dit maak dan ook nie saak of daar 'n integrasiebeding in die kontrak vervat is of nie, die feit bly bestaan dat getuienis van 'n gebrek aan werklike wilsooreenstemming uitgesluit word weens die werking van die integrasiereël. Op grond van slegs hierdie feit alleen behoort daar alreeds genoeg regverdiging te wees vir die afskaffing of aansienlike modifisering van die integrasiereël in die Suid-Afrikaanse kontraktereg.

SUMMARY

This article is aimed at a detailed critical analysis of the basis of the integration rule in light of the current approaches to contractual liability in the South African law of contract. In light of this it will be argued that the parol evidence rule does not fit into any of the current contractual liability approaches of the South African law of contract and that, by reason of this alone, the continued recognition thereof should be seriously questioned.

⁸³ Zeffertt et al *South African Law of Evidence* 326. Hierdie formulering is natuurlik nie heeltemal in ooreenstemming met die toets vir direkte vertrouensbeskerming wat in *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd (formerly known as Sonarep (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis* 1992 3 SA 234 (A), vir sover dit verwys na *bona fides* geformuleer is nie. Die rol van die goeie trou is naamlik nog nie deur die houe vasgestel in die toets vir direkte vertrouensbeskerming nie. Sien byvoorbeeld Van der Merwe et al *Contract* 316-324.